Gladiatorstraat 56
Rhodesfield
Kempton Park 1619

Posbus 10444
Aston Manor 1630
Tel: 011 975 8220
Faks: 011 975 4889/086 763 7955
E-pos: pa@ngkhoeveld.co.za
OWO (PBO) REG NR. 93000 6906

Verw. Seënwense/2017/02

19 Januarie 2017

Aan: Alle Leraars
Alle Kerkkantore

2017: Nuwe uitdagings en geleenthede lê voor die deur!

Aan die begin van 'n nuwe jaar voel ek gewoonlik opgewonde en vol entoesiasme. Dit is asof die nuwe jaar se jonkheid my meevoer tot 'n vars uitdaging vir nuwe horisonne. Die ou jaar se tamheid en moeisame sleepvoetloop is gou vergete. Varswater loop uit 'n fontein en ek voel amper of my dag weer met 'n huppel kan begin. Natuurlik help dit as ek 'n heerlike vakansie agter die rug het en uitgerus die jaar instap! Somtyds is dit goed om weer te begin. 'n Vriend van my noem hierdie tyd van die jaar… "die dae van goeie voornemens."

So staan ons nou aan die begin van 2017. Verseker gaan ons hierdie jaar gekonfronteer word met baie uitdagings. Op persoonlike vlak, gemeentes, ringe en sinodale vlak. My gebed is dat ons hierdie uitdagings as geleenthede sal sien waarin ons getrou kan meewerk aan God se Koninkryk en gehoorsaam Hom sal dien. Ons goeie voornemens nie net drome sal bly nie, maar in die praktyk sigbaar sal word.

Hierdie jaar vier ons ook die 500 jarige herdenking van die Reformasie. Mag ons ook hierin, die Sinode Hoëveld, weer al die wonderlike waarhede wat die Reformasie op die tafel plaas, herontdek.

Mag 2017 'n geseënde en vreugdevolle jaar wees!

Hoëveld-groete

Dr. Hugo van der Linde
SDK Voorsitter